

‘n Sukkelende ekonomie

Plaaslike ekonomiese oorsig: September 2011

Deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life

Ons ekonomie is veel swakker as wat verwag is, aangesien dit afgerem word deur wêreldwye ekonomiese verwarring. Uitvoere is beperk en verbruikersbesteding bly gedemp. Rentekoerse sal nou langer onveranderd bly.

Die onrus in wêreldmarkte het die moontlikheid van ‘n dubbelloop-resessie weer op die voorgrond gedwing, aangesien die dramatiese insinking in wêreldmarkte die waarskynlikheid dat dit kan gebeur, aansienlik vergroot het.

Swakker groei namate uitvoere afneem

Suid-Afrika sal nie immuun wees teen ‘n wêreldwye resessie nie. Die tweede kwartaal se BBP het op 1.3% ingekom, wat veel laer was as die 4.8% wat in die eerste kwartaal van hierdie jaar aangeteken is: hoofsaaklik vanweë swakker vervaardigings- en kleinhandelsyfers.

Stewige vervaardigingsprestasies is afhanklik van ‘n sterk uitvoerpoging en ‘n gesonde binnelandse aanvraag. Die ekonomiese groei van ons vernaamste handelsvennote bly swak en beïnvloed die vertoning van ons uitvoere. Binnelandse vraag is ook swak en sal waarskynlik so bly totdat indiensnemingsvlakke verbeter.

Effek van Verbruikerswelvaart geneutraliseer

In die verlede is verbruikersbesteding deur huishoudelike welvaart/rykdom gefinansier, wat aandele in behuisings- en portefeuljebeleggings insluit. Huispryse styg egter nie en eienaars kan nie uit die aandeel onttrek om besteding te finansier nie. Die aansienlike daling in die waarde van die JSE beteken dat die inkomste uit beleggings wat verbruikersbesteding gefinansier het, weggevreet is.

Aangesien hierdie twee totale daal sonder ‘n toename in werkverskaffing, sal verbruikersbesteding en binnelandse aanvraag onder druk bly.

Inflasiedruk vermeerder

Die swakheid van sowel die wêreldwye as die plaaslike ekonomie het die Reserwebank in ‘n moeilike posisie geplaas. Hoewel inflasie binne die teikenband bly, styg dit al hoe nader aan die vlak van 6%.

Die VPI het van 5% in Junie tot 5.3% in Julie gestyg, wat effens meer is as wat die meeste ontleders verwag het. Na verwagting sal die VPI in die komende maande verder styg, hoofsaaklik as gevolg van hoër voedsel- en geadministreerde pryse.

In Julie was die styging in elektrisiteitspryse een van die omvattendste prysstygings. 'n Paar munisipaliteite moet nog in Augustus hul geskeduleerde verhogings implementeer. Nog belangriker is die feit dat voedsel-inflasie in vergelyking met verlede maand bly styg het, en verdere stygings word in die komende maande verwag.

Op 'n positiewe noot het wêreldwye voedselpryse afgeplat, wat beteken ons kan verwag dat plaaslike voedselpryse aanstaande jaar sal daal.

Alles in ag genome verwag ons dat inflasie later vanjaar, tot vroeg in 2012, die teikenmerk van 6% sal verbysteek.

Dilemma oor rentekoerse

Die opwaartse neiging in inflasie op sigself behoort vir die Reserwebank 'n argument te wees om te begin skroef aandraai met sy monetêre beleid en rentekoerse te verhoog. In die lig van heersende internasionale onsekerhede oor 'n resessie en die tekens van swak ekonomiese vooruitsigte, geld normale reëls egter nie. Daar word selfs gegis dat die bank oorweeg om rentekoerse ten gunste van groei te verlaag. 'n Paar maande gelede was dit ondenkbaar. Toe was daar eerder gissinge oor wanneer rentekoerse verhoog sou word, en nie of hulle sou styg nie.

Die voortdurende opwaartse neiging in die inflasiekoers het egter die kans op 'n rentekoersverlaging verminder. Indien daar 'n verlaging sou wees (wat nou onwaarskynlik is), sou die bank steeds binne sy uitgebreide mandaat wees om 'n konserwatiewe monetêre beleid te volg sonder om die land se groeivooruitsigte onnodig te belemmer. Ons siening is dat die Reserwebank sy rentekoerse ter ondersteuning van die ekonomie, in ooreenstemming met ontwikkelde ekonomieë, vir 'n langer tydperk laag sal hou.

Ons benodig 'n ekonomiese plan

In die woorde van Goewerneur Gill Marcus kan die bank nie allerlei ekonomiese kwale genees deur bloot rentekoerse te verander nie. Opvoedings- en vervoerstelsels moet onder andere ook verander ten einde die ekonomie op 'n volhoubare groeipad te plaas. Verder moet onthou word dat, hoewel lae rentekoerse 'n ideale stimulant vir besteding sou wees in 'n ekonomie wat in resessie is, is die huidige siklusse nie 'normaal' soos ons dit ken nie.

Huishoudings is nie in 'n posisie om te bestee nie, aangesien hulle hul balansstate wat deur hoë skuldvlakke en swak werksvooruitsigte omvergegooi is, moet herbou. Selfs met lae rentekoerse is dit moeilik om groot skuld af te betaal en steeds voldoende besteebare inkomste oor te hou.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisenseerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.